

REISA
Renewable Energy Investments South Africa

# UITGAWE 2 NUUSBRIEF

**2025**

## PLAASLIKE ENTREPRENEURS GRADUEER



Gradueringsdag by die REISA Business Hub was vol opwinding. Saam met Raizcorp het ons die sukses gevier van plaaslike entrepreneurs wat onvermoeid gewerk het om hulle besighede deur middel van ons ondernemingsontwikkelingsprogram te bou en laat groei.

Tydens die geleentheid is erkenning gegee aan 11 KMMO's wat hulle opleiding deur ons ondernemingsontwikkelingsprogramme, die Business Commercialisation Programme (BCP) en die drie jaar lange Entrepreneursontwikkelingsprogram, voltooi het.

*"Die REISA-program het my besigheid ondersteun deur my entrepreneursontwikkeling by Raizcorp te befonds. Dit het my die kennis en ondersteuning gegee om my besigheid te laat groei tot op die vlak waarop ek nog altyd gehoop het." – Antoinette Bontle Lehula, een van die gegradueerdes.*

## UBUNTU WELSTANDSPROJEK BEVORDER VEILIGE SKOLE

Ons is trots om die Ubuntu Welstandsprojek saam met Boipelo Resources in al nege Gamagara-skole aan te bied. Die inisiatief, wat deur PrisonDENT gefasiliteer word, is daarop gemik om veiliger skole te bevorder en misdaad te voorkom deur leerders te bemagtig met die kennis en waardes wat nodig is om positiewe lewenskeuses te maak.



Die sessies het noodsaaklike onderwerpe soos die gevolge van kriminele gedrag, die belangrikheid van onderwys, selfvertroue, selfbewussyn en weerstand teen portuurdruk gedek.

## VERWELKOMING VAN ONS NUWE INTERNS

Ons is baie bly om as deel van ons deurlopende verbintenis tot jeugontwikkeling en bemagtiging van plaaslike vaardighede twee nuwe interns by die REISA-span te verwelkom. Rhyno Ditamale het as 'n Tegniese Dienste-intern aangesluit, en Omphile Matebesi as 'n Maatskaplike Prestasie-intern.

Albei het hulle reis op 1 Julie 2025 begin, en doen praktiese ervaring op en ontvang gestruktureerde mentorskap in hulle onderskeie departemente. Hulle rolle verskaf blootstelling aan die daaglikse bedrywighede van die sonkragaanleg en die plaaslike kantoor, en rus hulle met praktiese vaardighede en insig in die bedryf toe.





Ons sien daarna uit om Rhyno en Omphile te ondersteun terwyl hulle nuwe idees en energie tot ons span bydra.




**EO KWARTAALLIKSE BESTEDING**

**KONTAK ONS:** +27 21 670 1400 www.reisasolar.co.za shariefa.rhode@anthem.co.za @ REISACommunity